Willie Jonker wen Andrew Murrayprys

deur FRITS GAUM

WELLINGTON. - Prof Willie Jonker (links) is vanjaar die wenner van die Andrew Murrayprys, die grootste prys in Afrikaans vir teologiese en godsdienstige werke. Prof Jonker wen die prys vir *Bevrydende waarheid*, 'n boek wat in 1994 deur Hugenote-Uitgewers gepubliseer is.

Die prys is vanjaar toegeken in die kategorie teologiese publikasies en daar was 20 inskrywings van agt uitgewers. Teologiese boeke wat die afgelope drie jaar gepubliseer is, het in aanmerking gekom vir die prys. Die Andrew Murrayprys word dié jaar die sewentiende keer toegeken - die tweede keer aan prof Jonker, wat dit ook in 1991 ontvang het vir *Uit vrye guns alleen*.

Bevrydende waarheid is deur die beoordelaars hoog aangeslaan. Dit is 'n boek wat die leser dwing om verantwoording te doen van sy eie opvattings oor die belydenisskrifte van die kerk. Jonker se historiese en dogma-historiese plasing van die belydenisse en sy daaruit voortspruitende behoudende nadenke, word as van 'die hoogste teologiese gehalte' beskou. 'Die skrywer slaag daarin om die leser te motiveer om die gereformeerde belydenisse opnuut ernstig op te neem, meen die beoordelaars.

Die beoordelaars was vanjaar dr H Russel Botman van die Universiteit van Wes-Kaapland, prof Eddie Brown, emeritus-professor van die Universiteit van Stellenbosch, en prof Daan Pienaar van die Universiteit van die Vrystaat.

Die Andrew Murrayprys bedra R10 000. Daar is 19 deelnemende instellings aan die prys wat in die jare sewentig met hulle inleggeld 'n fonds gestig het waarvan die rente jaarliks vir die toekenning aangewend word. Rapport dra elke jaar by om die prysgeld te verhoog. Die wenner ontvang ook 'n goue penning en 'n oorkonde.